## LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
## LAERSKOOL WARMBAD

**INSTRUKSIES**:Skryf jou **naam** en **van** op elke antwoordblad en jou **nommer**

1. Voltooi al die vrae.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n lyn **na elke vraag**.
7. Spelling tel!
8. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

**SUMMATIEWE ASSESSERING**

| | |
|---|---|
| **LEERAREA:** | **AFRIKAANS HT** |
| **GRAAD:** | 7 (Me. C Enslin) |
| **MODERATOR:** | Me. A Botha |
| **TYD:** | 90 minute |
| **PUNTE:** | 85 |
| **DATUM** | **18 November 2016** |


**GRAAD: 7 L S**

---

# AFDELING A
## Leesbegrip

1. Lees die volgende berig uit *Die Burger* van 17 Maart 2012 en beantwoord dan die vrae:

### Brand dryf kese na chardonnay
**JAN GERBER**
*Stellenbosch*




1. Dit was die onlangse brande wat die bobbejane die berge om Franschhoek laat klim het. En hulle het inderdaad die boere vererg.
2. 'n Trop van sowat 50 kese het die onlangse parstyd so haastig en so lastig die plaas La Petite Ferme in die Franschhoek-vallei se wingerde ingevaar en tot twee ton druiwe per week verorber het, het mnr. Mark Dendy-Young, die plaas se bestuurder, gesê. Dit beteken 1 200 tot 1 500 bottels wyn minder.
3. Dendy-Young raak egter nie té kwaad vir die bobbejane nie, want hy is self 'n omgewingsgesinde. Hulle het 'n monitor op die plaas om kese – wat glo veral in chardonnay belanggestel het – dop te hou, maar dit is onmoontlik om 'n bobbejaan agter elke bult te gaan haal.
4. Me. Jenni Trethowan, medestigter van Baboon Matters, meen monitors is die beste manier om bobbejaanskade te verhoed. Haar organisasie lei mense op in dié hoedanigheid.
5. "Dit baat regtig nie om bobbejane seer te maak nie," het sy gesê en verduidelik indien een trop verdryf word, sal 'n ander net sy plek inneem.

6. Uiteraard was daar nog altyd bobbejane in hul omgewing, maar Dendy-Young meen die onlangse brande het die bobbejane die wingerde ingedryf op soek na kos.
7. Hy meen sy plaas het veral deurgeloop omdat die Franschhoekpas verby die plaas loop en dit die trop se terrein is.
8. Mnr. André Morgenthal, kommunikasiebestuurder van Wines of South Africa (Wosa), het gesê bobbejane bedreig nie werklik oesopbrengste nie.
9. "Behalwe wanneer dit 'n kleiner produsent soos Mark Dendy-Young se La Petite Ferme is, of 'n blok wingerd is wat vir 'n spesifieke wyn geoormerk is."
10. Dit is egter nie net bobbejane wat vanjaar vir kleiner oeste gesorg het nie.
11. Luidens 'n onlangse verklaring van die Kaapse Wynmakersgilde het "sterk wind en ideale koue, nat winter- en lentemaande gesorg vir 'n klein oes met uitsonderlike vrugte en kleurintensiteit vir die meeste kultivars, veral sauvignon".
12. Vir Dendy-Young is die kleiner oes ook nie net slegte nuus nie: "Die gehalte is fantasties."

1.1 Watter idiomatiese naam vir bobbejane word in die leesstuk gebruik? (1)

1.2 Gee TWEE bewyse uit die leesstuk dat die skade, wat die bobbejane aangerig het, nie min was nie. (2)

1.3.1 Watter maatreël het La Petite Ferme teen die bobbejane gebruik? (1)

1.3.2 Noem TWEE redes waarom hulle juis op dié opsie besluit het. (2)

1.4 Verduidelik hoe "om 'n bobbejaan agter elke bult te gaan haal":

1.4.1 letterlik (1)

1.4.2 en figuurlik verstaan kan word (1)

1.5 Wat het veroorsaak dat die bobbejane juis vanjaar dié wingerd getakel het? (2)

1.6 Watter verskil is daar in die boere se houding in paragraaf 1 en 3? Gebruik jou eie woorde en nie dié van die leesstuk nie. (1)

1.7 Die kleiner oeste het ook sekere voordele vir die boere gehad. Skryf DRIE sulke voordele neer. (3)

**Totaal Vraag 1 : [14]**

2. <u>Bestudeer die volgende spotprent op bl. 3 uit *Die Burger* van *29 Junie 2012* en beantwoord dan die vrae wat volg:</u>

2.1 Op watter moderne tendens lewer die spotprent kommentaar? (1)

2.2 Verduidelik die muis se woorde: "Hulle ly 'n vreetsame bestaan" volledig. (2)

2.3.1 Na aanleiding van watter baie bekende sprokie van Grimm is die spotprent geteken? (1)

2.3.2 Gee TWEE visuele bewyse vir jou antwoord in VRAAG 2.3.1. (2)




**Totaal Vraag 2 : [6]**

**TOTAAL AFDELING A : [20]**

## AFDELING B

## Taalstrukture en –konvensies

3. Lees die onderstaande teks wat handel oor ons eie Suid-Afrikaanse helde en beantwoord die vrae wat volg:

Hier in Suid-Afrika het een van ons bekendste en mees gerespekteerde aktiviste, Zachie Achmat, die teenoorgestelde van 'n hongerstaking gehou, met geweldige positiewe resultate. Die Suid-Afrikaanse politiek is geruime tyd beheer deur mense wat nie wou glo dat die MI-virus tot vigs, en dus die dood, kon lei nie. Hulle het ook geweier om die nodige medikasie aan vigslyers te verskaf by staatshospitale. Die oudminister van Gesondheid, Manto Tshabalala-Msimang, het eenvoudig volgehou dat mense gesond moet eet. Achmat het toe baie gesond geëet, maar geweier om die vigsmedisyne te drink wat aan ryk mense beskikbaar was. Hy wou wys dat 'n gesonde dieet nie genoeg is nie en sodoende die regering gedwing om die medisyne ook aan die armes beskikbaar te stel. Toe Achmat uiters swak was, het verskeie internasionale leiers asook plaaslike leiers soos Desmond Tutu en Nelson Mandela by hom gesmeek om wel sy medisyne te begin gebruik. Hy het, en het baie gou herstel. Kort daarna moes die regering swig onder die druk en die medisyne word nou aan arm mense beskikbaar gestel in staatshospitale.

3.1 Waarvoor staan die afkorting "*MI-virus*"? (1)
3.2 Waarom word die woord "*MI-virus*" met 'n koppelteken geskryf? (1)
3.3 Wat is die funksie van die **deelteken** in die woord "*geëet*"? (r.8) (1)
3.4 Verduidelik die gebruik van die **komma** in reël 11. (1)
3.5 Die werkwoord "*volgehou*" (r.7) is 'n skeibare werkwoord. Gebruik nou die woord in 'n sin as twee aparte woorde. (1)
3.6 Bestudeer die frase in reël 13 "*het baie gou herstel*". Skryf die **bepaling** neer. (1)
3.7 Is die bepaling in jou antwoord by nr. 3.6, 'n byvoeglike of 'n bywoordelike bepaling? (1)
3.8 Gee die **intensiewe vorm** van "*arm*". (r. 14) (1)
3.9 In reël 4 word die woord "*glo*" as 'n werkwoord gebruik. Maak 'n **nuwe sin**, maar gebruik nou die woord "*glo*" as 'n **selfstandige naamwoord.** (1)
3.10 Vorm 'n **byvoeglike naamwoord** van die woord "*gebruik*" (r.13) sodat dit korrek in die volgende sin sal pas:
"*Vooraf (gebruik) motors is dikwels goedkoper as nuwe motors.*" (1)
3.11 Gee die **vergrotende trap** van "*baie*" (r.7) (1)
3.12 Is die woord "*bekendste*" (r.1) 'n **simpleks** of 'n **kompleks?** (1)
3.13 Is die woord "*bekendste*" (r.1) 'n **samestelling, afleiding** of 'n **samestellende afleiding?** (1)

**Totaal Vraag 3 : [13]**

4. <u>Bestudeer die spotprent en beantwoord daarna die vrae:</u>




[Verwerk uit: *Die Burger*, 31 Oktober 2006]

4.1 Waarom word die woord “*skole*” met ‘n enkel “*o*” geskryf? (1)

4.2 Verdeel die woord “*rottang*” in r.2 in:

4.2.1 lettergrepe (1)

4.2.2 klankgrepe (1)

4.3 Wat is die **implisiete betekenis** van die “*rottang terugbring*”? (1)

4.4 Is die sin: “*Ek dink die skole kan maar weer die rottang terugbring*” ‘n **saamgestelde / enkelvoudige sin?** (1)

4.5 Watter **suggestie** lê in die pa se woorde ten opsigte van “*ordelike en gedissiplineerde mense*”? (1)

4.6 Watter **verskynsel** vind ons in die spotprent? Kies die regte antwoord: vooroordeel / stereotipering / partydigheid (1)

**Totaal Vraag 4 : [7]**

5. <u>Lees die volgende strokiesprent versigtig deur en beantwoord dan die vrae:</u>




[Uit: *Tydskrif-Rapport*]

5.1 Benoem die **leesteken** in raampie 3 se eerste reël. (1)

5.2 Waarom word die woord "*rêrig*" in raampie 4 met 'n **kappie** geskryf? (1)

5.3 Verduidelik waarom die woord "*onsself*" in raampie 6 met twee "*s'e*" gespel word. (1)

5.4 In die samestelling "*sangklas*" (raampie 5) is daar twee stamme, naamlik "*sang*" en "*klas*".

5.4.1 Watter stam is die **kern**? (1)

5.4.2 Gebruik nou die kern as 'n **bepaling** in 'n nuwe samestelling van jou keuse. (1)

5.5 Bestudeer die sin "*Ek het nou net die eienaardigste droom gehad.*" (raampie 8)

5.5.1 Identifiseer die **onderwerp** in bogenoemde sin. (1)

5.5.2 Identifiseer die **gesegde** in bogenoemde sin. (1)

5.6 Identifiseer die **koppelwerkwoord** in raampie 5 en skryf dit neer. (1)

5.7 Vind die **lidwoord** in raampie 6 en skryf dit neer. (1)

5.8 Vorm 'n **persoonsnaam** van "*droom*" in raampie 8. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B : [30]**

## <u>AFDELING C</u>

## <u>Letterkunde</u>

6. <u>Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:</u>


### Slaap

*D.F. Malherbe*

Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
Sag op haar bloue oë daal die vaak
soos maneskyn diep waterkuile raak
om daar te droom in silwer skemering.

Vir laas beef oor haar lippe 'n fluistering:
"Nag, Pappie." Ek merk hoe langsaam hy genaak,
wat drome soet tot werklikhede maak:
in vaderarms rus my lieweling.

Sluit so my oë, God, wanneer vir my
u Engel wenk ter laaste lange rus
en ek van wilde woeling hier moet skei;
dat my dan stille drome huis toe sus
en sterke Hand deur duisternisse lei.
Sluit so my oë, God, as ek gaan rus.



Vrae:

6.1 Wie is die twee karakters in die gedig? (2)

6.2 Wie is aan die woord in die gedig (is die spreker in die gedig)? (1)

6.3 In versreël 1 klink dit asof die spreker opgewonde is.
- a. Watter leesteken gebruik die digter om hierdie opgewondenheid te beklemtoon? (1)
- b. Waaroor is die spreker opgewonde? (1)
- c. Watter woord in versreël 1 beklemtoon die opgewondenheid? (1)

6.4 In versreël 2 tot 4 word 'n vergelyking gebruik.
- a. Skryf die vergelyking neer. (1)
- b. Watter twee sake word met mekaar vergelyk? (1)
- c. Hoe help hierdie vergelyking om die stemming (atmosfeer) van die gedig uit te beeld? (1)

6.5 Uit watter woorde kan ons aflei dat die dogtertjie nou op haar pappa se skoot aan die slaap raak? (1)

6.6 Vanaf versreël 9 praat die spreker met God. Wat vra die spreker van God? (1)

6.7 Die woorde "wilde woeling" (r.11) vorm 'n kontras met twee ander woorde wat in die laaste vier versreëls staan. Skryf hulle neer. (2)

6.8 Wat, dink jy, is die boodskap (tema) van hierdie gedig? (2)

**[15]**

## AFDELING D
## Skryf

7. Kies EEN van die visuele tekste op bladsy 8 en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou eie gepaste titel vir jou skryfstuk. Skryf 100 tot 150 woorde oor een van die visuele tekste (3 tot 5 paragrawe). Nommer die teks wat jy kies (A of B).

A




**OF**

B





**[20]**

# TOTAAL : 85

**AFRIKAANS (HT)**
**GR. 7**
**ASSESSERINGSTAAK**
**VAARDIGHEID: Skryf en aanbied**

<table>
<tr><td colspan="6">Legende, mite, fabel, sprokie, gedig, toespraak, beskrywing en ander verbeeldingstekste</td></tr>
<tr><td>Naam en Van:</td><td colspan="5">Datum:</td></tr>
<tr><td>Kriteria</td><td colspan="5">Puntetoekenning</td></tr>
<tr><td>Beplanning en struktuur:<br>Leerder lewer bewys van deeglike beplanning, bv. breinkaart en eerste weergawe wat voldoen aan die voorgeskrewe struktuur van die genre, bv. dagboekinskrywing, legende, sprokie, ens.</td><td>5</td><td>4</td><td>3</td><td>2</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Hantering van onderwerp:<br>Inhoud is relevant tot onderwerp en sinne is logies georden. Duidelike inleiding, middel en slot indien van toepassing. Korrekte gebruik van punktuasie.</td><td>5</td><td>4</td><td>3</td><td>2</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Woordeskat en spelling:<br>Toon uitgebreide woordeskat en spelling is uitstekend. Woordeboeke word gebruik en korrek aangewend.</td><td>5</td><td>4</td><td>3</td><td>2</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Paragrawe, sinstruktuur, woordorde en skakeling:<br>Inhoud is logies in paragrawe georden en sinne is effektief met voegwoorde verbind. Woordorde wissel maklik tussen hede, verlede en toekomende tyd. Taalgebruik is korrek.</td><td>5</td><td>4</td><td>3</td><td>2</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Punt uit 20 / __________</td><td colspan="5">%</td></tr>
</table>




[Uit: *Tydskrif-Rapport*]